



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

TEL: 021 957 7111
FAKS: 086 524 7116
E-POS: hstrydom@kaapkerk.co.za

24 Augustus 2015

AAN: Skribas, Kassiere, Saakgelastigdes van gemeentes

Beste Vriende

DEUROFFERS EN DIE DEUROFFERVORM

- Op ons webblad is die volledige **besonderhede oor sinodale deuroffers vir 2016/7**. Dit verduidelik die verskil tussen die dertien verpligte sinodale deuroffers en die vrywillige geakkrediteerde deuroffers. Dit gee ook 'n kort beskrywing van al die deuroffers. Die inligting kan dus maklik in die gemeente se aankondigings ingetrek word. Ons nooi ook die instansies om foto's of 'n PowerPoint beskikbaar te stel. Ons plaas dit op die web soos wat instansies reageer: <http://kaapkerkadmin.co.za/> (Klik op Kerkkantoor.)
- Die **deuroffervorm vir 2016** word ook aangeheg. Dit moet asseblief volgende jaar (1 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017) gebruik word vir die oorbetalings van sinodale aandeel en deuroffers. Hierdie vorm sal u help om te bepaal watter vrywillige deuroffers u wel na die Sinode kan stuur. Moet asseblief nie ander deuroffers aan ons stuur nie. Stuur deuroffers vir byvoorbeeld die Burger se Kersfonds of die ACVV-tehuis direk aan hierdie instansies. Ons het nie "rekening" vir hulle nie. Indien daar enige onsekerheid bestaan of 'n deuroffer aan ons oorbetalings kan word of nie, kontak asseblief vir **Hannelie Strydom** by telefoon **021-957-7111** of e-pos hstrydom@kaapkerk.co.za
- Onthou om asseblief jou deuroffervorm aan Hannelie deur te stuur wanneer of selfs voordat die inbetaling gedoen is. Ons verkies dat dit na die volgende faks nommer toe gestuur word: **086 524 7116**. Dit vergemaklik ook die audit proses aan ons kant indien ons die vorms elektronies het. Dit kan ook in die Excel formaat aan Hannelie per e-pos gestuur word. Baie dankie vir almal wat dit reeds so getrou deurstuur. Ons waardeer elkeen se moeite hiermee.
- Gebruik asseblief u **gemeentekode** as verwysing wanneer u sinodale aandeel of deuroffers oorbetalings. As ons bankstaat net "Aandeel" of "Kollekte" wys, het ons geen idee wie dit oorbetalings het nie. As u die deuroffervorm per hand voltooi, moet u asseblief 'n swart pen gebruik en duidelik skryf. Die faks is soms baie onduidelik.
- Kerklieke fees-en biddae 2016:** Die inligting kan u verkry op ons kaapkerk webblad: www.kaapkerk.co.za. Gaan hier in op [kerkkalender](#) (aan die linkerkant van die bladsy heel onder).



Vriendelike groete

Ds Bossie Minnaar
SAAKGELASTIGDE